

SARS KONDIG DIE VOORLOPIGE INKOMSTE-UITSLAG VIR 2018/19 AAN

Pretoria, Maandag 1 April 2019 - SARS het 'n bedrag van R1 287.6 miljard ingesamel vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2019 geëindig het, teenoor die 2019 begrotingskatting van R1 302.2 miljard, wat 'n tekort van R14.6 miljard (-1.1%) aandui.

Daar moet wel kennis geneem word dat hierdie voorlopige uitslae isonderhewig is aan volledige finansiële rekonsiliasie en 'n finale oudit.

Die bruto bedrag ingesamel beloop R1 575.4 miljard, verreken teen terugbetalings van R 287.8 miljard wat netto invordering van R1 287.6 miljard tot gevolg het. Die netto inkomste-uitslag van R1 287.6 miljard verteenwoordig 'n styging van R 71.2 miljard (5.8%) vergeleke die 2017/18 finansiële jaar.

Teen die 2019 begrotingskatting van R1 345.0 miljard, verteenwoordig dit 'n tekort van R 57.4 miljard (-4.3%), en teen die aangepaste skatting van R1 302.2 miljard verteenwoordig dit in 'n tekort van R 14.6 miljard (-1.1%).

Bruto invorderings het met 8.6% gestyg terwyl terugbetalings 'n sterk styging van 22.7% getoon het nagevolg van die aankondiging deur die minister van finansies, gedurende die mediumtermyn-begrotingbeleidsverklaring (MTBBV), dat die BTW-terugbetelingsomslag verhoog sal word om die vrystelling van BTW-terugbetalings uit die fiskus terug na die ekonomie moontlik te maak.

Gedurende die verslaggewingstydperk, het wêreldwyse ekonomiese groei verswak tot 3.7% vir 2018 en 'n geprojekteerde styging van 3.5% in 2019. Groei is gekniehalter deur VSA-China handelspanning (en tariefverhogings) in 2018, die intreding van nuwe voertuig-uitlaatgasstandaarde in Duitsland, die krimping in huishoudelike aanvraag in Italië nagevolg van ongerustheid oor soewereine en finansiële risiko's, asook swak finansiële marksentiment en -groei in Turkye.

Gemeet in werklike BBP-terme, het die binnelandse ekonomie met 0.8% gegroeи in 2018 van 1.4% in 2017. Die hoof bydraers tot die 0.8% groeikoers in 2018 was finansies (0.4 van 'n persentasiepunt gebaseer op groei van 1.8%) en regering (0.2 van persentasiepunt gebaseer op groei van 1.3%). Daarenteen, het landbou (-4.7% en -0.1 van 'n persentasiepunt), mynbou (-1.7% en 0.1 van 'n persentasiepunt), en konstruksie (-1.2% en -0.0 van 'n persentasiepunt) negatief tot die BBP-groei in 2018 bygedra.

Die hoof bronne van inkomste wat tot die ingevorderde R1 287.6 miljard bygedra het, is persoonlike inkomstebelasting (PIB), wat R 493.8 miljard (38.3%) bygedra het, belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat R 324.6 miljard (25.2%) bygedra het, maatskappye inkomstebelasting (MIB) wat R 214.7 miljard (16.7%) bygedra het en doeaneheffings wat R 55.2 miljard (4.3%) bygedra het.

- Lopende betaalstelsel (LBS) invorderings vir die jaar het met 7.0% gestyg tot R 477.4 miljard, ten spyte van noemenswaardige werksverliese, matigheid in loonskikkings en krimping in bonus uitbetelings. Alhoewel, hierdie styging is gedemp deur laer aandele-opsie uitbetelings, hoofsaaklik uit die finansiële sektor, matige jaarlikse verhogings in die openbare sektor, werksverliese in die formele nie-landbou sektor en laer bonus uitbetelings in die finansiële sektor.
- Daar was dubbel-syfer groei in binnelandse belasting op toegevoegde waarde (BTW) sedert Mei 2019 nagevolg van die voordele van die een persentasiepunt verhoging in die BTW-koers. Dit het geleis tot sterk groeikoerse in beide die grootsake- en SMME-semente van 9.8% en 14.8% onderskeidelik. Vir ondernemers wat in beide jare vir die toepaslike tydperke betaal het, sou plaaslike BTW met 3.9% gegroeи het indien daar geen verhoging in die BTW-koers was nie, vergeleke 11.2% vir sodanige proefstuk met die koersverhoging. Dit is waarom noemenswaardige groei behaal is ten spyte van swak groei in kleinhandelverkope, wat steeds onder druk is. Volle jaar invorderings het R 378.8 miljard opgelewer waarvan 83.0% deur die eFiling-stelsel ontvang is.
- Maatskappye inkomstebelasting (MIB) invorderings het met 2.5% gekrimp, die krimping is op die rug van 'n noemenswaardige aantal MIB-terugbetelings wat aan die grootsake-segment uitbetaal is en op veelvoudige tydperke betrekking het wat onder oudithersiening was, asook die voortgesette pogings om die kredietboek vir slegte skuld skoon te maak. Verder het die voortslepende kragonderbrekings wat deur die kragverskaffer ingestel is, bygedra tot die krimping omdat bedryfsaktiwiteite en maatskappybedrywighede aansienlik geaffekteer is en sodanig hulle winsgewendheid geaffekteer het.
- Groei in persoonlike inkomstebelasting (PIB) voorlopige belastingbetalings het vertraag van 37.5% in Augustus 2018 tot 18.4% in Februarie 2019, hoofsaaklik na gevolg van die nie-herhaling en/of laer verklaring van kapitaalwins vergeleke die vorige jare.
- Daar was sterk groei in invoerbelastings van 14.0% vir die eerste drie fiskale kwartale, waarna transaksionele data en die invoer van goedere nie na verwagting was gedurende sommige maande van die finale fiskale kwartaal nie. Betalings wat deel is van die 13de uitstellingstaat het alle verwagtinge oortref wat geleis het tot 'n groei in die algehele uitslag vir doeane teen 13.9% wat marginal bo die vereiste groeikoers is.

Soos aangekondig met die mediumtermyn-begrotingbeleidsverklaring (MTBBV) in Oktober, was die vereiste fiskale ruimte vir SARS geskep om die kredietboek om BTW-terugbetalings te verminder. SARS het die kredietboek op BTW-terugbetalings verminder van R 41.8 miljard in September 2018 tot R 25 miljard teen die einde van die finansiële jaar, wat 'n 16.4% styging in waarde tot gevolg gehad het en 6.3% in die volume van terugbetaling wat in die ekonomie teruggestoot is. Na afloop van die aankondiging, sien ons 'n groei in invorderings teen 8.6% terwyl terugbetalings teen 22.7% gegroeи het.

SARS het 'n somtotaal van R 287.8 miljard in terugbetalings uitbetaal in die 2018/19 finansiële jaar. 'n Totaal van R 30.5 miljard PIB-terugbetalings is uitbetaal, wat 'n styging van 13.8% toon vergeleke die vorige jaar. MIB-terugbetalings was R 22.2 miljard, wat 'n R 8.7 miljard (63.7%) verteenwoordig vergeleke die vorige jaar. 'n Totaal van R 229.2 miljard in BTW-terugbetalings is vir die jaar uitbetaal, wat die skatting met R 1.2 miljard oorskry het en 'n styging van R 38.1 miljard (19.9%) vergeleke die vorige jaar toon. Groei is gedryf deur die R 9.3 miljard (13.2%) styging in uitbetaling aan klein en medium ondernemers, terwyl groot ondernemers R 5.0 miljard (5.2%) meer in terugbetalings as die vorige jaar ontvang het.

Daar was ook 'n styging van R 2.8 miljard (93.3%) in diesel-terugbetalings vergeleke die vorige jaar, na gevvolg van die verhoogde behoefte aan diesel vir kragopwekking.

Hoewel die hoër terugbetalings die netto inkomste-invordering vir die jaar verlaag het, stoot dit ook geld terug in die ekonomie.

Vir meer inligting, verwys asseblief na die waarnemende kommissaris se toespraak, die PowerPoint voorlegging (wat binnekort sal vrygestel word) en inligtingsgrafieke (blaai na onder). Sodanige sal ook beskikbaar wees op hierdie webtuiste onder *Media>Media Packs*.